

**26 Maart**

**Eksodus 34:4-9, (Teks: Lukas 9:34a)**

***Die bedekte heerlijkheid van die kruis***

Paulus het eenmaal die heerlikste dinge gesien waaraan 'n mens kan dink (2 Kor. 12). Daarom skryf hy in 1 Kor. 13: NOU KYK ONS SOOS DEUR 'N SPIEËL IN 'N RAAISEL. Hy wat die hemelse gesien en gehoor het, weet dat ons hier op aarde nooit vir ons 'n volle beeld kan skep van die volle heerlijkheid wat kom nie. Ons besef: By Jesus se verheerliking het wonderlike dinge gebeur, en tog trek God self 'n sluier daaroor. Hy laat ons kyk, maar ons sien nie alles nie. Terwyl Petrus nog praat, kom daar 'n wolk en gooi sy skadu oor hulle. Dit het twee betekenisse. Aan die een kant 'n HELDERVERLIGTE WOLK. Dit praat van die heerlike teenwoordigheid van die HERE. Maar die Griekse woord beteken newel, digte mis. Dit bedek, maak minder sigbaar. Verdof die gebeure. Demp die heerlike ligglans. Niemand kan in die volle heerlijkheid van God inkyk en bly lewe nie. Daarom sien die drie dissipels soos deur 'n spieël in 'n raaisel. Die kruis met al die smart vir die kruiseling; al die tranes van die familie en dissipels; die spotlag; van Satan in sy oorwinningswaan. Vir ons egter die blye gebeurtenis van die offer wat gebring is. En tog is daar die newel. Nie omdat God dinge vir ons wegsteek nie. Nee, maar eendag gaan die mooi blomknop oop in sy volle kleureprag; die papie in die veelkleurige skoenlapper. So sal jy na jou asem snak wanneer die wonder onthul word. Nou koester ek reeds die mooiste, skoonste verwagtinge, maar eendag sal ek van aangesig tot aangesig sien. Het u ook daardie verwagting by al die heerlike wat u nou al in u hart koester?

Ds. L.D. Aucamp (Cullinan)